Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 01/2026

16 Januarie 2026

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

**Spreuke 3: 5-6 "Vertrou op die Here met jou hele hart, en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak."**

Hartlik welkom terug aan alle personeel, leerders en ouers! So aan die begin van die jaar is ons harte gevul met groot dankbaarheid. Ons is dankbaar omdat, ondanks ernstige voorvalle gedurende die vakansie, al ons gesinne veilig teruggekeer het. Ons is dankbaar vir goeie gesondheid, vir rus waarvan ons kon geniet en vir nuwe krag om 2026 aan te pak.

'n Nuwe jaar bring altyd 'n besondere gevoel mee: opgewondenheid, verwagting, soms ook onsekerheid. Maar bowenal bring dit vir ons 'n nuwe geleentheid om te bely: "Here, hierdie jaar behoort aan U."

Die nuwe jaar het op 'n hoogtepunt afgeskop met pragtige matriekuitslae. Ons is waarlik geseënd. Alhoewel dit nie oor al die onderskeidings gaan nie, is dit tog mooi om die volgende te deel. Die leerders by GSDP het elkeen nege vakke, sewe verpligte NSS asook Bybel en Kerkgeskiedenis, twee volwaardige ekstra vakke. Tussen die 24 matrieks het hul 30 NSS onderskeidings behaal, en 23 onderskeidings vir die ekstra vakke. Dit is 'n totaal van 53, m.a.w. 2, 2 onderskeidings per leerder. Ons is dankbaar dat getroue arbeid en volharding mooi vrug kon dra. 'n Meer volledige verslag volg later.

Spreuke 3: 5 en 6 is 'n Skrifgedeelte wat ons bemoedig. Dit herinner ons daaraan dat ons nie alles hoef te verstaan om met vertroue vorentoe te gaan nie. Ons hoef nie elke antwoord te hê voordat ons die nuwe jaar aandurf nie.

Ons word wel geroep om te **vertrou**, om die Here te **ken in alles wat ons doen**, en om te glo dat Hy ons paaie sal rig.

Hierdie bemoedigende woorde geld vir al die nuwe graad 1-maats. Julle het die nuwe skooljaar grootoog met groot tasse aangedurf, mag jul gou baie tuis voel in ons skoolfamilie. Dit geld ook vir die baba-arende (graad 8's). Geniet al die oriënteringsaktiwiteite, dit sal help om julle sommer gou te laat inskakel.

Hierdie bemoediging geld ook vir nuwe personeel, welkom juffrou Suzilna Wepener wat by die hoërskool inval, asook vir die drie studente (al drie oud-Dirkies) wat aangemeld het. Dit geld ook vir elke nuwe kind in die kleuterskool en ander grade, ons vertrou julle gaan sommer gou tuis voel tussen ons.

'n Belangrike geleentheid waar al die nuwelinge gou kan inskakel, is Saterdag se huissport, ons sien uit om julle rondom die atletiekbaan beter te leer ken.

Mag hierdie skool vir julle almal veel meer bied as net akademie. Mag julle elkeen die waarde besef van kinders se harte wat gevorm word om Hom in al hul weë te ken en op Hom te vertrou. Die Skrif sê nie dat Hy alle struikelblokke verwyder nie, maar dat Hy die rigting duidelik maak. Hy gaan vooruit, Hy maak paaie op Sy tyd gelyk, en Hy gee wysheid wanneer ons dit nodig het.
Voorspoed vir 2026.

***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **17/01:** Huissport te HTS John Vorster
- **20/01:** LS Gr. 1-3 en Gr. 1-7 – inligtingsaande
- **21/01:** KS Inligtingsaand
- **22/01:** LS Atletiek te Eduplex Laerskool
- **23/01:** LS verkope t.b.v. veldskool
- **23/01:** HS Groentjiekonsert
- **26/01:** HS Dramaklas begin
- **26/01:** LS Redenaars-slypskool
- **29/01:** LS Atletiek te Laerskool Queenswood




**Kerkgeskiedenis**

Die vak Kerkgeskiedenis is vir ons baie belangrik, aangesien dit ’n wonderlike hulpmiddel is om kinders te laat sien hoe Jesus Christus deur sy troue liefde die kerk deur al die eeue teen die aanslae van die duiwel en die wêreld bewaar. Tog weet ons dat hierdie vak baie keer kan verval in koue feite wat nie vir die kinders relevant is nie. Geheuesisteme is gebou op assosiasies, om moeilike geskiedenis te verpak in ’n storie, is ’n vorm van assosiasie. ’n Kind gaan ’n storie baie makliker onthou as ’n klomp feite.

Ons is dus baie opgewonde om mee te deel dat **Deel 2 van die Kerkgeskiedenis-reeks** nou beskikbaar is. Dit is weereens ’n pragtige boek propvol boeiende verhale. Dit is deur ds. Pieter en sy vrou, Jenny Boon, geskryf en geïllustreer.

Hierdie reeks is die **voorgeskrewe handboeke** wat ouers self moet aankoop.

**Graad 4 en graad 8** werk vanjaar uit **Deel 1**. **Graad 5 – 7** en **graad 9 – 11** werk uit **Deel 2**. Hierdie boeke is beskikbaar op Boekenhout se webtuiste of op GSDP se webtuiste by Dirkies-winkel.

Daar is twee weergawes van die boek, ’n hardeband-uitgawe te koop teen **R400** en dan ’n sagtebandweergawe te koop teen **R250**.

Skakel: https://boekenhout.aros.ac.za/kerkgeskiedenis

## Huissport

Ons benodig nog heelwat **gazebo's** vir die atletiek. Indien u bereid is om 'n gazebo vir die dag te leen, laat weet asseblief vir **me. Janine Heikens** (084 644 5923) of bring dit die oggend saam.

**Beamptes** meld aan om **07:00**
**Atlete** meld aan: **07:15**
**Opening: 07:30**
**Eerste items** begin: **08:00**



## Kleuterskool




### Belangrike datums:

**21 Januarie:** Inligtingsaand
**19 Februarie:** Kleuterkuieraand
**7 Maart:** Kleuteratletiek

# REDENAARS SLYPSKOOL

**Datum:** 26 - 01 - 26
**Plek:** GSDP lokaal B10
**Tyd:** 14:00-15:30
**Koste:** R 30per kind/R50 per gesin
**Aanbieder:** Elsje Retief (beoordelaar)
**Teikengroep:** Graad 4-12
(ouers mag kinders vergesel - dit is van baie waarde.)





## Laerskool

### Leierskapskursus

Ons skop hierdie jaar vinnig af met die leierskapskursus wat deur **ICO** aangebied word. Graad 7, geniet die dag en mag julle mooi toegerus word.

### Inligtingsaand

Vanjaar gaan ons vanaf **gr 1 - 7** saam in die kerk bymekaar kom vir al die algemene reëlings waarna ouers kan verdaag na die onderskeie graadgroepe. Ouers wat meer as een kind het moet maar verdeel tussen die onderwysers.

Graad 1 ouers moet veral  sorg dat hul by die graad-onderwysers uitkom, Graad 4 het reeds 'n inligtingsaand gehad. Ouers kan dit in gedagte hou as hul verdeel.

### Verkoping

Die laerskool het nie 'n snoepie nie, maar u sal op die kalender (beskikbaar op die webwerf: https://www.gsdp.co.za/kalender/) sien dat daar verskillende verkopings op Vrydae plaasvind. Graad 4 - 7 leerders kry dan geleentheid om vir verskillende aksies geld in te samel. **Vrydag 23 Januarie** is dit die graad 7's se beurt om eetgoed te verkoop ten bate van hul **veldskool**.

### Redenaars

Soos gewoonlik slyp ons sommer vroeg in die jaar ons redenaarstande. **Maandag 26 Januarie** vind die **slypskool** plaas. Meer inligting hieroor sal volgende week gegee word.






# Hoërskool


## Schoollimpics

Die hoërskool begin met ’n **nuwe tradisie**! Ons gaan deelneem aan die Schoollimpics. Die skool is in vier spanne verdeel, en die spanne gaan teen mekaar deelneem op verskeie vlakke. Die span met die meeste punte aan die einde van die jaar gaan ’n prys wen! Die eerste kompetisie vind reeds tydens die **huissport** plaas.









Hoërskool

## Selfoonreëlings

Na deeglike besinning het ons besluit om van **Maandag 19 Januarie** af ook die **graad 10 tot 12-leerlinge** se selfone daagliks in te neem. Die selfone word veilig in die kantoor toegesluit. Indien ’n leerling (graad 8 tot 12), nie die selfoon ingee nie, sal die selfoon afgevat word en moet die ouers die selfoon by die kantoor kom afhaal en ’n boete van **R100** betaal. Let wel: die skool aanvaar nie verantwoordelikheid vir selfone wat beskadig word of wegraak nie. **Daarom moedig ons leerlinge aan om eerder hul selfone tuis te los.**





## Groentjiekonsert

Kom kyk hoe baba-arende Barende word by die Groentjiekonsert op **Vrydag 23 Januarie 2026**. Die tyd en plek sal bevestig word.

## Sluitkassies

Sluitkassies is vanaf **Maandag 19 Januarie** beskikbaar teen **R100.** Die sluitkassie kan by me. Marion Boersema bespreek word. Leerlinge moet hul eie slot bring, en ’n spaarsleutel inhandig.

## Snoepiekaarte

Snoepiekaarte kan by **me. Marion Boersema** gekoop word teen **R40** per kaart. Ouers kan via die D6-toep geld op die snoepiekaart inbetaal, dan kan die leerlinge gemaklik by die snoepie koop. Alternatiewelik kan leerlinge met ’n gewone bankkaart ook by die snoepie betaal, maar geen kontant of betaling met ’n selfoon kan by die snoepie gedoen word nie.

*Hoërskool*

**Kom ons kry 'n groot skep kultuur in!**

Verlede jaar het ons groot hoogtepunte op die kultuurfront beleef met ons konsert, teaterproduksies wat ons bygewoon het, drama-optredes tydens taaldag en by die kunswedstryd. Hierdie jaar wil ons graag daarop voortbou.

In **kwartaal een** begin ons dramaklasse weer, inskrywing vir die ATKV-redenaars sluit 20 Februarie en die opvoering van die musiekblyspel, CATS, vind plaas wat ons in Theatro MONTECASINO gaan bywoon.

Die skool bied aan jou gratis redenaars- en drama-opleiding. Deur hieraan deel te neem, verwerf jy selfvertroue om voor mense te praat, vir 'n Christen is dit baie belangrik. Ons moet altyd bereid wees om voor mense die Here se naam te bely. In enige leierskapsposisie op skool en later in jou beroepslewe, is dit ook belangrik om met selfvertroue leiding te neem en jou saak te stel. Die skool is 'n veilge omgewing om hierdie gawes te slyp.

Ons het groot afslag op die CATS-kaartjies gekry, R300 p.p. en dan kom die busgeld ook by. Op Wo. 4 Feb. om 12:30 vertrek ons per bus van die skool af na Teatro Montecasino en ons sal teen 18:30 terug by die skool wees. **Skryf jou naam by tannie Marion op as jy saamgaan. (Leerlinge wat op Woensdae katkisasie het, sal ongelukkig nie kan saamgaan nie. Ons kan ongelukkig slegs kaartjies vir 'n Woensdag kry.)**

Vir ons drama-leerlinge wag daar ook 'n toneelstuk wat Julie-maand opgevoer gaan word en 'n maskerade waaraan julle kan deelneem op 16 Mei by Opedag.

Die leerlinge met sang en musiektalent kan ook vanaf die tweede kwartaal aanmeld vir ons sêrgroep.

**Baie belangrik: Leerders moet mooi dink waaraan hulle wil deelneem en voor of op Maaandag 19 Januarie by juffrou Isabel inskryf! Dramaklas is op Maandae van 14:00-15:00. Hou net in gedagte dat daar wel soms ekstra oefentye voor optredes ingeruim sal moet word**.

# ABAKUS WISKUNDE BREINONTWIKKELING



Mini Genius 3 +

Kids Genius 5 +

A+ STUDENTS Genius Mathematics

- Leerders kry 'n liefde vir Wiskunde
- Verbeter fotogeniese brein funksies
- Ontwikkeling van groot - en fynmotoriese spiere
- Verbeter probleemoplossing
- Bou goeie selfvertroue
- Verbeter konsentrasie
- Ontwikkeling van hoofrekene

**Rachelle Freeman 0749560796**

---

**JUFFROU RACHELLE**

**074 956 0796**

**Wiskunde hulp by jou skool!**

**Is Wiskunde 'n uitdaging?**
**Ek is hier om te help!**

**Vir Graad R - Graad 7 leerders.**

Kurrikulum Wiskunde klasse BY JOU SKOOL

Ons werk hand aan hand met die skool se onderwysers én assesseringsprogramme elke kwartaal.
Fokus: Deeglike inoefening van konsepte, herhaling van die week se werk, en hulp met huiswerk.

Resultaat: Selfvertroue en beter begrip in Wiskunde! Skryf nou in en sien die verskil!

Juffrou Rachelle - BEd Grondslagfase Graad,
Honneurs in Leerderondersteuning en
abakus Wiskunde aanbieder vanaf 2016



# GEE JOU KLEURLOSE IDEE LEWE

## met Edge Communications se kreatiewe en ervare grafiese ontwerpers!

*Kontak ons vir 'n kwotasie.*

www.edgecommunications.co.za

Edge COMMUNICATIONS

## ONS DIENSTE SLUIT IN:

- Gedrukte ontwerpe
- Digitale- en sosialemedia -ontwerpe
- Korporatiewe ontwerpe
- Besigheidskaartjies
- Nuusbriewe
- Maatskappy profiele
- Pamflette
- Uitnodigings
- E-pos handtekeninge
- Brochures
- Betaalmedia advertensies
- Embleem ontwerp
- Briefhoofde
- Webbladontwikkeling
- Korporatiewe template

**Eerste indrukke is blywende indrukke, so maak jou besigheid die een om te onthou!**

**info@edgecommunications.co.za** **+27 81 233 8351**



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

## WAAROM SOLIDARITEIT HELPENDE HAND?

Solidariteit Helpende Hand fokus op die volgende kwesbare groepe:

**01** KINDERS





**02** GESINNE

**03** PERSONE MET GESTREMDHEDE





**04** OUER PERSONE

**05** VROUE





**06** STUDENTE

Ons skep 'n gemeenskap wat omgee en selfstandig funksioneer deur self liefde en ondersteuning te bied.

**www.ondersteunons.co.za**

# Snapscan Kodes

GSDP-SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

